Downloaded from Stanmorephysics.com

KwaZulu-Natal Department of Education
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**GRAAD 8** **Junie 2022**
**Punte: 60** **Tyd : 1½ uur**

**Let Wel:** **Beantwoord al die vrae**
**Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.**
**Hierdie vraestel bestaan uit ses bladsye.**

## VRAAG 1
### Leesbegrip

Lees die volgende teks en beantwoord al die vrae wat daarop volg.

My Eerste dag op Hoërskool

My naam is Rafeal. Ek en my tweeling broer, Damain, het vanjaar na 'n nuwe skool toe gegaan: Hoërskool Stanmore. Op die 19 Januarie 2022 het ons om sesuur wakkergeword. Om sewe-uur moes ons ons uniforms aantrek en regmaak vir die eerste dag op hoërskool. Ek het 'n wit en swart rok, 'n swart band, swart kouse en swart skoene gedra. Damian het 'n lang grysbroek, 'n wit hemp, 'n swart leerband, 'n das, swart kouse en swart skoene gedra.

Die skool is nie ver van ons huis af nie. Ma het ons per motor skool toe geneem, want sy nie wou hê ons moes laat op die eerste skooldag wees nie.Skool begin elke dag om half agt 8 (07:30).

Toe die klok gelui het, het al die graad 8-leerlinge na die saal toe geloop vir die byeemkoms.Die onderwysers en onderwyseresse het saam met die nuwe leerlinge gesit. Daar was stilte terwyl een van die onderwysers die gebed gelees het.Die prinsipaal, mnr. D. Sevelall, het al die leerlinge terugverwelkom en het almal gevra om vanjaar hard te werk. Hy is 'n streng, maar gawe man.

Ons vormonderwyseres het ons almal op toer van die nuwe skool geneem. Dit is 'n baie groot skool met twee verdiepings (twee vloere). Die biblioteek het baie boeke, en ek weet ek sal die meeste van my tyd daar deurbring. Daar is 'n personeelkamer, waar ons nie sonder toestemming mag ingaan nie, die rekenaarkamer, twee laboratariums en 'n kombuis waar die sjefs elke skooldag heerlike middagete vir die leerlinge voorberei.

Die snoepwinkel is klein maar hulle hou lekker dinge daar.Ons mag snoeperye net gedurende die pouse koop. Die graad 8-leerlinge moet gedurende die pouse op die



vierkant wees. Die onderwysers maak seker dat al die rommel in die vullisblikke gegooi word.

Terug in die klaskamer, het die onderwyseres vir ons die skoolreëls gelees. Ons is gewaarsku dat leerlinge wat die skoolreëls breek gestraf sal word. Ons onderwyseres se naam is mev. T Singh. Sy is baie pragtig. Sy het vir ons die rooster vir die week gegee.Ons het daagliks ses periodes. Almal was baie bly dat op die eerste dag ons nie tuiswerk gegee is nie.

Om twee-uur het die klokkie gelui vir ons om huis toe te gaan. Ek erken die eerste skooldag was nie te erg nie.

### VRAE

1.1 Wat is Rafeal se broer se naam? 1
1.2 Skryf die datum neer wanneer leerlinge vanjaar skool toe teruggeker het. 2
1.3 Hoe laat het die tweeling wakkergeword? 1
1.4 Noem twee klere wat die meisies skool toe dra. 2
1.5 Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlikhede en skryf slegs die vraagnommer en die letter van jou keuse daarlangs neer. Bv. 1.5 E

1.5.1 "snoepery" beteken die volgende:
- A lekkers, koeldranke, skyfies, sjololade, ens.
- B boeke, penne, potlode, liniale, ens.
- C kerrie, rys, gebraaide hoender, gekookte eiers, ens.
- D vars vleis en bevrore vleis 1

1.5.2 Toe die klokkie lui, vergader al die leerders :
- A op die vierkant
- B in die saal
- C op die speelgrond
- D in die biblioteek

1.6 Wie het die gebed voorgelees? 1
1.7 Haal EEN sin uit die leesstuk wat die skoolhoof beskryf. 1
1.8 Watter woord in paragraaf 1 wys vir ons dat die leerders nie meer op laerskool is nie? 1
1.9 Wie neem die graad agt leerders op toer van die skool? 1
1.10 Wanneer mag die leerders snoeperye koop? 1
1.11 Wat sal met leerlinge gebeur wat die skoolreëls breek? 2
1.12 Die volgende sinne is ONWAAR. Haal 'n sin aan om jou antwoord te motiveer.
1.12.1 Rafeal hou nie daarvan om boeke te lees nie. 2
1.12.2 Die snoepwinkel is baie groot. 2
1.12.3 Al die rommel word op die grond gegooi. 2

**TOTAAL [20]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2**
**Visuele Begrip**

Lees die volgende advertensie en beantwoord daarna die vrae wat volg.






2.1 Watter produk word by die skool verkoop? 1
2.2 Wat is die naam van die skool waar jy die geadverteerde produk kan koop? 1
2.3 Wanneer word die uitverkoping gehou? Skryf die dag van die week en die datum. 2
2.4 Wat sal gebeur as 'n koper laat by dié skool kom? 1
2.5 Hoe laat begin die uitverkoping? Skryf jou antwoord in woorde. 1
2.6 Noem een vrug (fruit) wat jy by hierdie uitverkoping kan koop. 1
2.7 Haal een sin uit die advertensie wat vir ons sê dat die produkte van 'n goeie kwaliteit (*good quality*) is. 1
2.8 Watter een woord in die advertensie word herhaal (*repeated*)? 1
2.9 Wie is die teiken (*target*) van hierdie advertensie? 1

**TOTAAL [10]**

**VRAAG 3**
**Opsomming**
**Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.**

INSTRUKSIES
1. Som in sewe volsinne op oor hoe om misdaad te beveg.(*How to prevent crime*)
2. Skryf die sinne PUNTSGEWYS neer. Nommer die sinne van 1-7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE GETAL woorde aan die einde van jou opsomming aan.

1. Sorg dat jy die telefoonnommers van jou ouers en die polisie ken om misdaad te rapporteer. Jy kan hulle bel as jy hulp nodig het.
2. Om uit die moeilikheid te bly moet jy jou identiteitsdokument veilig hou. Jy moet kan bewys wie jy is.
3. Moet nooit jou bankkaart aan enige iemand gee om vir jou geld te trek nie. Hulle kan jou geld steel.
4. As jy jou selfoon wil wegsteek, hou dit waar niemand dit kan sien nie. Mense sal jou aanrand om jou selfoon te steel.
5. Moenie kos en drankies van mense wat jy nie ken, vat nie. Op so manier kan jy vergiftig word.
6. Jy moet geweld teen vroue en kinders rapporteer as deel van jou plig om misdaad te beveg. Dit is soms vir hulle moeilik om dit self te rapporteer
7. Moenie gesteelde goed koop nie. Dit kan jou in die tronk laat beland.

**TOTAAL [10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4**

**Taalstudie**

Bestudeer die prent en voer dan die instruksies uit.




4.1 Skryf die volgende sinne in die **VERLEDE TYD** oor.
4.1.1 Die mense **is** in 'n treinstasie.
4.1.2 Die dame vra die kondukteur die tyd. 2

4.2 Skryf die volgende sinne in die **TOEKOMENDE TYD** oor.
4.2.1 Vanaf perron sewe vertrek die trein. 1

4.3 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNENDE VORM** oor.
4.3.1 Al die passassiers is in die trein. 1
4.3.2 Die ma wou **iets** van die kondukteur weet. 1

4.4 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.
4.4.1 Die klein seuntjie het gehuil. Sy roomys het op die vloer geval.(want)
4.4.2 Die skole het vir die vakansie gesluit. Die treine sal stampvol wees.(daarom)
4.4.3 Die kleintjie se ma is kwaad vir hom. Hy **het** baie **gehuil**. (omdat) 3

4.5 Skryf die volgende sin weer oor deur om met die onderstreepte woord te begin.
Die passasiers moet **om nege-uur in die more** op die stasie wees. 1

4.6 Vul in die **INFINITIEF** (om ..... te .....) in die volgende sin:
Die kruier is besig (die bagasie dra). 1

**Totaal [1(**



**VRAAG 5**

**By hierdie vraag moet jy net die nommer en jou antwoord skryf.**

5.1 Skryf die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies.
In die môre is dit (**baie warm**) in Johannesburg.

5.2 Skryf die **meervoud** van die woord tussen hakies.
Daar is nie baie (**kind)** op die perron nie.

5.3 Skryf die **verkleinwoord** van die woord tussen hakies.
Sommige passassiers wag in die (**kamer**).

5.4 Skryf die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies.
Die vrou dra 'n (**pragtig**) rok.

5.5 Skryf die **voorsetsel** wat ontbreek in die volgende sin:.
Die trein vertrek .......... nege-uur.

5.6 Skryf die **Vergrotende Trap** van die woord tussen hakies.
Die seun se tas is (**klein**) as sy moeder s'n.

5.7 Kies die **korrekte woord** van dié tussen hakies.
Die vrou dra 'n (duur/ deur) rok.

5.8 Skryf die nommer tussen hakies voluit in woorde.
Die vrou is (**40**) jaar oud.

5.9 Skryf die **Afkorting** tussen hakies voluit.
(**Mnr.**) Naidoo gaan met vakansie na sy dogter se huis.

5.10 Skryf die **Teenoorgestelde** van die woord tussen hakies.
Die trein is nie (**vroeg**) nie; dit het .......... by die stasie ingetrek.